

18 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Lofsange en oordeelsdreiging

Sewe engele kom op die toneel. Hulle gaan die sewe laaste plae aankondig. Maar voorop staan die troongesig met die 144 000 gemerktes van God wat om die troon vergader en lofsange sing. Hulle is losgekoop deur die bloed van die Lam en hulle volg die Lam oral.

Wat 'n pragtige getuigskrif! Hulle is dieselfde mense wat ons in Op 7 ontmoet het wie se trane afgedroog is. As die eerste engel verskyn, bring hy 'n goeie boodskap wat mense waarsku. Hy word gevolg deur engele wat die oordele van God aankondig – eers oor die afvallige kerk Babilon en die ongelowiges wat die beker van die oordele van God sal drink.

Maar vir die gelowiges is daar troos in hulle volharding. Wie in die Here sterf, ontvang sy rus. Wie is hulle wat in die Here sterf? Dit is hulle wat in die Here leef. Wat beteken dit om in die Here te leef? Dit is om seker te wees dat jou lewe deur Hom beheers word.

Die oordele van God is soos 'n koringoes wanneer die Seun van die mens die koring en die kaf skei. Die oordeel van God is ook soos 'n duiwe-oes en dan word die duiwe getrap in die parskuip van God se oordeel. Hoe vreeslik is die oordele van God!

Hoe belangrik is dit tog dat ons in die Here leef en sterf! Dan is jy deel van die simboliese 144 000.

Sing: Psalm 34:1

Dr B Duvenage (Emeritus)